# DIE ALBATROS

Augustus / September 2016

Ons ly aan onttrekking sindroom voel of ons eeue laas gekamp het. Gelukkig het ons 'n baie voorspoedige dans gehad waar ons, ons woonwa familie weer kon sien. Wat 'n lekker dans was dit nie, julle wat nie daar was nie het verseker uit gemis. Morne het baie lekker musiek gemaak en die dans vloer was die hele tyd vol. O ja en Martin het ons vermaak met daardie lyfie van hom, Jean-Marie moes toe maar die rande uithaal om hom van die verhoog af te kry.

En toe breek ons AJV aan. Vol opgewondenheid gaan ons die naweek in. Vrydag is daar al vroeg begin kuier. Saterdag het ons baie vroeg opgestaan en ons vergadering was ook 'n groot sukses. Ons het baie komplimente gekry uit alle oorde. Ons het lekker saam middagete gehad en rugby gekyk. Vroegaand is die vure aangesteek en daar is net verder gekuier. Heino het lekker musiek gemaak en ons het die dansbaan geniet. Sondag het Theo ons bedien met die woord waarna almal maar begin oppak het, want die groot reen was oppad.

Ons wil net vir elke persoon wat betrokke was die naweek, baie dankie se. Esme met jou aan die stuur sal ons nog ver kom.

Algemeen:

Ons volgende kamp is Mountain Breeze die kostes beloop R400.00 vir die naweek. Dis 'n gesins naweek so ons gaan net lekker rustig kamp na die feesvieringe van die AJV.

As dit enigsins vir julle moontlik is verkies ons 'n internet betaling, dan kan julle sommer bevestig en bewys van betaling saam stuur. (rianapot6@gmail.com let asseblief daarop dat die e-pos adres verander het.) Ons sal egter nog kontant by die kamp ook ontvang.

**Lys van kamp venues vir 2016:**

| | | |
|---|---|---|
| Oktober: | 14-15 | Kongres |
| | 28-29 | Vloedbos |
| November: | 25-26 | Kerskamp Kuilsrivier / Verjaarsdag kamp |

Ons beplan 'n lekker kerskamp, so almal moet begin beplan vir November en kom saam kamp. Daar gaan weer 'n kersvader wees, en ons maak ons woonwaens mooi vir die geleentheid, net om in die kersfees atmosfeer te wees. Ons beplan om met die kers/verjaarsdag ete tafels te dek. So ons gaan 10 mense by 'n tafel he en die gasvrou moet dan haar tafel opmaak volgens die tema. Daar gaan beoordeling wees en pryse.

**Lief:**

Ons as bestuur wil net vir een en elkeen baie dankie se vir julle bydrae tot die dans, dit was 'n uiters suksesvolle geleentheid gewees. Ons is so trots om te se ons is Albatrossers.

- Wilma Basson het vir haar 'n woonwa gekoop, ons kyk nou uit vir die voertuig.
- Joos en Christel het ook 'n nuwe woonwa.
- En dan het Corrie, Leani, Theo, Andre en Beverley nuwe voertuie gekry. Dit gaan voorwaar voorspoedig in ons kamp. Lekker ry en wees veilig.

**Leed:**

- Johannes en Esme Knipe se dogter is baie siek, kom ons dink aan hulle as gesin in ons gebede.
- Vicky Oosthuizen is ook nie gesond nie.
- Almal wat siek is met griep, sterkte en word gou gesond.
- Corlea Viljoen de Klerk se stiefpa is ook oorlede. Baie sterkte vir julle as gesin.

MOOISTE MENS, JESUS HET VIR JOU VANDAG NET DIE BESTE IN SY SPENS. HOOP JY WORD GOU GESOND.

**Verjaarsdae:**

5 – Mikayla Blignaut

6 – Columbine Commaille

9 – Wian Hanekom

10 – Lezanne Laubscher

10 – Annette Stander

11 – Johan Jacobs

11 – Austin Hollis

18 – Tienie Roux

18 – Ameli van der Merwe

24 – Wendy Toerien

28 – Suzette Claassen

*Ouderdom is nie hoe oud jy is nie, maar hoeveel jaar se Pret jy gehad het.*



**Kamp resep (internet)**

**Firelighters**

Gebruik al jou ou kerse en smelt in 'n ou pot.

Gebruik "cotton wool pads" (dis die ronde watte) gooi in die gesmelte kerswas.

Sit bruinpapier op houtbord en haal dan die watte uit met 'n tang.

Laat stol en gebruik as vuur aanstekers

**Bemarking** (kontak persoon Esmé)

Doreen Nepgen maak ingelegde slaaie op bestelling. 084 327 3626

Tossie Roux verkoop ingelegde konfyte, vrugte ens. 082 559 8446

Belinda Oosthuizen brei en hekel. 078 080 1136

Louise Viljoen bak beskuit en doen ook Houtsnee werk. 083 700 3508

Joos Knipe diens en herstel woonwaens. 081 270 8504

**Foto's**

Ons wil ook graag dat julle insette lewer, as julle enige foto's het of nuus wat julle met ons wil deel kontak my asseblief. Erna Venter 074 1108 992 of e-pos emventer1968@gmail.com. Dit is ons almal se nuusbrief en ek kan ongelukkig nie orals wees nie.


Dans Julie 2016



Kersvader het 'n draai kom maak.





Johan en Beverley Kotze se oomblik (en my frustrasie om kamera reg te kry)









En die dansvloer bly vol en ons kuier heerlik.





















Ons mense het aangetrek vir die geleentheid.



AJV Augustus 2016





Die manne dink diep.

Lerouxna kuier lekker terwyl Johannes alles bekyk en Schalk homself beseer.





Die vure brand en die kos word voorberei.









Ons kuier die hele dag.












Joos "brek" met sy plaaitjies.




REDRO









Deel met ons ook die grap Alex!!!!













M2




KAMP


Saterdag:
→Theo doen verwelkoming en Gebed - 13H15
→Niël aan die woord
→Toekennings: Albatros
Helderberg
SuidWes Kaap
Kuier & Geniet die middag
Volg die Musiek vir verdere
verigtinge vanaand
Bring saam: •Coolerbox met drinkgoedjies
•Glas
•Braai
•Stoel
•Eetgerei
KOM KUIER SAAM!
SLEGS PEUSEL HAPPIES
•Lasagne
•Steak Pastei
•Butter Chicken
•Rys
•Basaan Kerrie
•Vetkoek
•Ertjie Sop
•Ribbetjies
•Hoender Wraps
•Fettuccine
•Cous-Cous Slaai
•Groen Slaai
•Brood
BACARDÍ

Esme kry toekenning as Gebiedsvrou van die jaar.



Benita Stramrood en Johan Jacobs Albatros vrou en man van die jaar.











Sondag hou Theo vir ons kerk.





Ons lede wat almal plaaitjies gekry het.



Ons nuwe bestuur:

Joos, Erna, Theo, Esme, Beverley, Benita, Christo, Riana en Luan.





**JAARVERSLAG VAN DIE STREEK ALBATROS**

**20 Ste AJV – 20 AUGUSTUS 2016**

Met 'n trotse hart en 'n groot eer hou ek die 20ste AJV jaarverslag op 20 Augustus 2016 aan hierdie vergadering voor:

Ons ledetal staan tans op 72 lede. Ons het die afgelope jaar 18 nuwe lede bygekry en 2 bedankings gehad. Baie dankie aan elke Albatrosser wat ons gaste met ope arms verwelkom en hulle betrek by die streeks aktiwiteite. Hierdie gasvryheid het gelei tot die positiewe groei van ons streek. Weereens welkom aan elke nuwe Albatros lid.

Die Bestuur van Albatros het gereeld volgens die voorskrifte van ons Grondwet vergader, en daar is behoorlik Notule van elke vergadering gehou. Alle Gebieds bestuurvergaderings is bygewoon. Met elke kamp was daar Boekevat en Eredienste gehou. Daar was Sondagskool aangebied tydens normale skool termyne.

Algemeen, Lief en Leed

In 2016 sien ons Nuusblad "Die Albatros" die lig. Baie dankie aan Erna Venter vir die gereelde publikasie. Met elke uitgawe het ons 'n Voorsittersverslag aangeheg om lede op hoogte te hou van gebeure in die streek. Die nuusblad en alle saamtrek kennisgewings word gereeld op SAWA se webblad geplaas. Ons Facebook blad dien as sosiale netwerk en word gebruik om inligting deur te gee vir lief sowel as leed. Ek wil graag vir Benita Stramrood bedank vir die plasing van alle inligting.

Met die uitstuur van Die Albatros en plasing op die sosiale netwerk word die geleentheid geskep vir alle lede om dadelik met mede Albatrossers te kommunikeer en te simpatiseer in geval van ongesteldheid of sterfgevalle van familie en vriende. Dieselfde geld ook vir groot gebeurtenisse, vieringe van verjaarsdae, nuwe voertuie en geboortes.

**Aktiwiteite**

Twintig jaar vieringe skop af in Januarie 2016. Met elke kamp gee ons vir lede 'n glas met die Albatros embleem en 20 jaar in die glas ge-ets. Spesiale dank aan Alex Stramrood wat die taak opgeneem het. Ons glase lyk pragtig.

Albatros kampe was besonder goed ondersteun. Met ons eerste kamp by Leentjiesklip het ons 'n Vrugtefees gehou en Hester Theart het ons verras met vrugte pons met 'n skop wat gehelp het teen die koue. Ons volgende kamp by Ganzekraal reël Robbie en Johlene van Eyk speletjies vir oud en jonk wat met goeie gees en groot pret geniet was.

Ons Kerskamp in November by De Hollandsche Molen was 'n baie besige en jolige kamp. Die jeug het hulle Kersboom geleentheid baie geniet. Ons het ook aan ons lede wat verkope doen 'n geleentheid gegun om Mark tafels neer te sit. Riana Potgieter en ander Senior Lede het Bingo gespeel en later die middag het ons lede almal saam gesmul aan 'n heerlike vingerete wat voorgesit was.

Die kamp het wel gepaard gegaan met sommige lede wat ongelukkig was omdat ons staanplekke vooraf toegeken het. Die terugvoer was waardeer en lesse word geleer deur die kamp. Die oord het slegs 30 staanplekke vir ons uitgesit en ons was 52 gesinne. Hierdie is dan ook die groot rede hoekom ons, ons 2016 Kerskamp geskuif het na Kuilsrivier. Ons wil seker maak dat daar na al ons lede omgesien word en dat elkeen vrye keuse het om te staan waar hulle wil.

Februarie se kamp by Ou Skip het Johan en Heloise Jacobs boeresport aangebied en die aand het ons almal heerlik saam gekuier na 'n oop Streeks vergadering.

Ons Silwerstrand kamp einde April was 'n groot sukses met 'n Potjiekos kompetisie. Joos Knipe en Christel Sadler was kampleiers vir die naweek en die kompetisie om een van die pryse te wen was groot pret.

Die twee broers Dries en Cobus Theart, met die hulp van Hester en Suzette het ook elk 'n beurt gekry om kampleiers te wees. Cobus by Yzerfontein het gesorg dat ons goed kon uitrus en Dries en Hester het ons heerlik bederf met vars brood, konfyt en soet wyn by van Zylsrus.

**Fondse**

Ons Dans van Julie 2015 toon 'n totale wins van R8,375. Ons totale fondsinsameling vir die jaar was R22,060. Dit word opgemaak deur, Tombola, kos verkope, looitjies en advertensies.

Die fondsinsameling het bygedra dat ons die volgende kon spandeer op onthaal van ons lede:

| | |
|---|---|
| Vrugtefees | R 409.00 |
| Kerskamp | R 6,295.00 |
| Hout, Speletjies | R 775.00 |
| 20 Jaar uitgawes | R 6,093.00 |
| Vadersdag | R 483.00 |
| | |
| **Totaal** | R 14,055.00 |

Totale kerkkollektes wat ons ontvang het was R3,905. Die totaal aan die einde van die jaar insluitende die saldo van die vorige jaar is R6,192. Ons het wel R8,199 gebruik by Miles Bowker Ouetehuis maar het weer 'n kontant donasie van R6,000 gekry, dus het ons slegs R2,199 gebruik.

Ten spyte van Ekonomiese druk word elke kamp goed ondersteun en heers daar 'n gesonde gees onder ons lede. Ons poog om kamp kostes so laag as moontlik te hou en sodoende alle lede die geleentheid te bied om te kan kamp. Die reël is om te versker dat alle Oorde se reëls nagekom moet word, en waar moontlik word dit toegelaat dat lede staanplekke deel en kan lede die kostes deel.

**Bedankings:**

Ek wil elke Albatros lid wat met soveel geesdrif ons kampe bygewoon het bedank. Dankie aan die Bestuur vir die tyd en moeite wat elkeen van jul gee om die kampe so 'n groot sukses te maak. Aan Corrie, Talitha en Leani wat uitree, onthou ek weet waar julle is, en ek gaan julle nog steeds kom haal om te help. Baie dankie dames. Benita Stramrood 'n spesiale dankie aan jou. Jy het die nuwe bestuur bygestaan en leiding gegee sonder om 'n oog te knip. Ons kan ewig dankbaar wees dat jy bereid was om die pad saam met ons te stap. Laaste maar beslis nie die minste nie, "Husband" – Duane jy maak alles maklik, dankie vir jou en Martin se hulp en bystand.

Hoogste eer aan ons Hemelse Vader vir die afgelope jaar se leiding en beskerming.

Esmé Coetzee

VOORSITTER